2 Desember 2018

Leef en dink nuut…
oor die kerk

Snap here to pay

Eredienstye

Oggenddiens 09:00: Ds Hendrik Barnard
Geen aanddiens

Vir enige navrae/probleme kan dr Hendrik Barnard (083 269 2768) tussen 27 November en 4 Desember gekontak word.

Pastoraat

Hiermee word lidmate uitgenooi om in te skryf vir ‘n kursus in Trauma-opleiding. Die boek wat hanteer gaan word, is “Anderkant Trauma Verby”. Die kursus sal in Januarie 2019 ‘n aanvang neem. Ons het getalle nodig aangesien die boek bestel moet word. Enige belangstellendes kan ds Francois (082 786 9674) of Tienie (082 878 1792) kontak.

Kerkkantoor sluit

Die kerkkantoor sluit Woensdag, 19 Desember 2018 vir die Desembervakansie en open weer Maandag, 7 Januarie 2019.

Leraarsverlof

Ds Déwyk	07 tot 9 Desember 2018 en 1 tot 9 Januarie 2019
Ds Francois	10 Desember 2018 tot 2 Januarie 2019
Ds Marius	15 Desember 2018 tot 6 Januarie 2019
Ds Sonet	27 Desember 2018 tot 18 Januarie 2019

Verkiesing van Kerkraadslede

Tydens die Sentrale Kerkraadsvergadering van 22 November is die volgende lidmate verkies:

Susan Maritz	Koördineerder (Kerkkantoor)
Pieter Henzen	Koördineerder (Omgeebediening)

Adventkrans en kleure van Advent

Die tradisionele kleure wat in Advent gebruik word is pers of koningsblou, ligroos, wit en groen. Die sirkelvorm van die krans dui op die ewigheid van God en Sy ewigdurende liefde.

Die groen in die krans simboliseer nuwe lewe en groei. Die lig van die kerse simboliseer die lig van God wat na die wêreld gekom het. Die vier kerse simboliseer die vier weke van afwagting voor Kersfees maar ook die vier eeue van afwagting tussen Maleagi en Christus se koms.

Die pers of koningsblou is koninklike kleure en verwys na die majesteit van die Seun van God. Die ligroos simboliseer vreugde. Die eerste kers, koningsblou/purper, simboliseer hoop of verwagting, die tweede, koningsblou/purper, verkondiging of aankondiging, die derde, ligroos, vreugde en die vierde, koningsblou/purper reinheid of vrede. Die middelste kers is wit en word op Kersdag aangesteek.

Nog 'n jaar jonger

Graag wil ons die volgende lidmate gelukwens met hul verjaardae en God se rykste seën toebid:

Coetzer	Jan	12/02	082 859 4521
Marais	Cora	12/04	082 376 4692
Retief	Eduard	12/04	082 322 4745
Van der Watt	Annatjie	12/04	083 342 3514
Breedt	Nico	12/05	082 261 2420
Olivier	Pierre	12/05	083 228 6424
Webber	Derek	12/07	071 639 4854
Bezuidenhout	Annemarie	12/08	082 784 3204
Bosch	Carol	12/08	
Liebenberg	Werner	12/08	061 466 8944

Gebed vir die siekes en Algemene Pastoraat

Kontak gerus een van die leraars vir enige gebedsversoeke.

- ✞ **Ria van den Berg** - Bid asseblief vir haar gesondheid (082 378 0019).
- ✞ **Heiltjie Jonker** - Heiltjie is baie siek. Bid vir algemene gesondheid (Sonja 072 381 8120).
- ✞ **Telite Oosthuizen** - Telite sterk aan na 'n operasie (Telite 072 255 5384, Koos 076 400 6111).
- ✞ **Ina Maritz -** Herstel tuis na 'n hartomlyning. Voorbidding word gevra (083 288 1431).
- ✞ **Ria Coetzee** - Herstel tuis na 'n nekoperasie. Voorbidding word gevra (082 374 1032).

ENKELAKSIELEDE - EINDFUNKSIE
"UPDRESS ITALIANS"

Wanneer	:	Saterdag, 8 Desember 2018
Tyd	:	18:00
Plek	:	Danie & Marie Krige se Lapa - hoek van Chris Hougaard & Meyerstraat
Koste	:	R30.00 per persoon vir slaaie en poeding
Bring saam	:	Eie pizza of pasta hoofgereg (kan ook bestel en laat aflewer), eetgerei en eie drinkgoed.
"Updress"	:	Italiaans (ietsie groen, rooi, wit of swart) - indien verkies
RSVP	:	Maandag, 3 Desember 2018 asseblief?
Navrae	:	Estelle van der Merwe by 084 954 2822

"As jy jou voet terughou van die sabbat - om nie jou sake op my heilige dag te doen nie en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hoog hou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek."

Jesaja 58:13:14

Jeugbediening 2019

Die Jeugspan is nou voluit besig om te beplan vir 2019. Ons wil graag 2019 'n besondere jaar vir ons jeug in Raslouw maak. Net om jou so kykie te gee na die program:

- Deurnagte
- Kampe
- Jeug musiekfees
- Kuiers en baie meer

Maar ons het JOU hulp nodig!!!

Wie kan help met:

Dissipelland – ons is op soek na 'n leier asook helpers

Laerskool Kategete	-	Graad 4
	-	Graad 5
	-	Graad 6
	-	Graad 7
Hoërskool Kategete	-	Graad 7
	-	Graad 8

Aflos vir hoërskoolklasse

Kontak ds Déwyk Ungerer (082 572 6463) of Nelia Wagner (084 880 3355)

Kosprojek

Ons reik uit na gesinne in nood en voorsien vir 'n bepaalde tyd kos volgens die behoefte. Om hierdie aksie glad te laat verloop, benodig ons nie-bederfbare produkte.

U kan dit Sondae kerk toe bring en in die houer agter in die kerk sit of gedurende die week na die kerkkantoor bring. Baie dankie vir al die kos en skenkings wat ons al ontvang het. Elke bietjie help. Dit is amper Kersfees en ons wil graag aan elke gesin iets spesiaal gee dié Kerstyd. Bring asseblief vroegtydig.

Kontakpersoon Elmarie Snyman (082 782 7341)

Kersdagkollekte

Elke jaar samel ons tydens ons Kersdag 'n bydrae in en skenk dit aan 'n hulpbehoewende organisasie.

Die Noordelike Sinode (waarvan ons gemeente deel is) het gemeentes versoek om 'n bydrae te maak sodat daar 'n fonds gestig kan word om gemeentes wat nie meer hulle leraars voluit self kan onderhou nie, te ondersteun. Die Kerkraad het besluit dat ons Kersdagkollekte hierdie jaar vir hier die fonds geskenk gaan word.

Indien u graag 'n bydrae wil maak en nie Kersdag hier is nie, plaas u bydrae in 'n koevert en merk dit "Kersdag-kollekte" en plaas dit in die kollektebordjie op 'n Sondag. U kan ook elektronies 'n oorbetaling doen en die verwysing is "Kersdagkollekte".

Hulp in Vakansietyd

Ons is nou in die vakansietyd en baie van ons gereelde helpers is met vakansie.

Indien u gedurende die Kersvakansie tuis is en kan help met die voorbereiding en bediening by moontlike begrafnisse, skryf asseblief jou naam op een van die lyste in die voorportaal.

Kontakpersoon: Ansa (083 388 4602)

Gemeentekamp 2019
NG Kerk Raslouw

Dit is weer tyd vir ons jaarlikse gemeentekamp waar ons as gemeente vir ‘n naweek kan lekker saamkuier en ontspan. Na die sukses van die vorige kere by Weesgerus, was die versoek dat ons weer soontoe gaan.

Plek : Weesgerus by Modimolle (150 km van hier)

Tyd : Naweek van 1 tot 3 Februarie 2019

Akkommodasie : Chalets, karavaan/tent staanplekke

Program : Informele saamkuier
Gesamentlike braai Saterdagaand
Gesamentlike opening Saterdagoggend
Gesamentlike erediens Sondagoggend

Etes : Selfversorgend. U bring saam wat u wil eet en drink.

Kostes vir naweek (met korting):

Karavaan/tent: R252.50 per nag
2-Bed Chalet : R510.00 per nag
4-Bed Chalet : R615.00 per nag
6-Bed Chalet : R1 075.00 per nag

Besprekings : Sondae by die kerk en ook by die kerkkantoor tot middel Desember.

Deposito’s (50%) : Betaalbaar teen middel Desember en volle bedrag teen einde Januarie.

Navrae : Ds Marius Cornelissen (082 561 1820)

“Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander ‘n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.”
Kolossense 3:13, 14

Betalingsmetodes

Snapscan | Internet | Magneetband | Koevert | Kontant